# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 | Nommer 38 | 28 September 2025


## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 28 SEPTEMBER – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** 1 Kronieke 29:10-30 & Matteus 6:1-18
**Belydenis:** HK, Sondag 52b, V/A 128 en 129
**Teksverse:** 1 Kronieke 29:10-13
**Tema:** Onse Vader (9): Aan God alleen behoort alle lof en heerlikheid!

In die laaste deel van die gebed wat Jesus ons geleer het, hoor ons 'n lofverheffing: "Aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen." Die Onse Vader eindig nie in benoudheid oor die bose nie, maar in lof en vertroue in God se soewereiniteit. Ons plaas ons hele lewe in sy hande, nie omdat ons dit verdien nie, maar omdat Hy in Christus alles vir ons gegee het (HK, Sondag 25, V/A 128–129). God se koninkryk is reeds teenwoordig in ons harte en gemeenskappe, sy krag werk in ons lewens, versterk ons en dra ons in swakheid. Sy heerlikheid skyn deels in die skepping en in Christus, maar sal eendag voluit openbaar word in die nuwe skepping. Wanneer ons "Amen" sê, bely ons, ons vaste vertroue in God en sy belofte en erken ons dat alles aan Hom behoort. In die Woordverkondiging let ons op:

A) Aan U behoort die KONINKRYK;
B) Aan U behoort die KRAG;
C) Aan U behoort die HEERLIKHEID;
D) AMEN as belydenis van ons geloof.

## AANDDIENS: SONDAG 28 SEPTEMBER – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeelte:** Romeine 6:11 en 7:14-25
**Teksvers:** Romeine 7:24-25
**Belydenis:** Die Dordtse Leerreëls
**Katkisasie:** Die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5 - Stellend
**Tema:** God bewaar ons in die stryd teen die sonde!
Ons leer in Romeine 6:11 dat ons deur Jesus dood is vir die sonde, maar lewend vir God. Dit beteken dat ons nie meer slawe van die sonde is nie, maar nuwe mense in Christus. Tog ervaar ons steeds die stryd teen sonde. Paulus sê in Romeine 7 dat hy soms doen wat hy nie wil doen nie en nie doen wat hy wil nie. Dit wys dat die oorblywende sondige natuur steeds in ons woon. Hierdie stryd is nie ʼn teken van mislukking nie, maar wys ons dat ons afhanklik is van God. Paulus vind sy troos in Jesus Christus, wat ons verlossing volbring het en ons veilig hou. Ons kan saam met hom sê: "Aan God die dank!" Al struikel ons soms, is ons seker van ons nuwe lewe in Christus. Ons leef tussen die reeds en die nog nie, maar ons hoop is in God alleen gevestig. In die Woordverkondiging let ons op:

A) Die WERKLIKHEID van daaglikse sondes;
B) Die INVLOED van ons sondige natuur;
C) Die TROOS en sekerheid in Christus.

## SONDAG 28 September 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die voedingsprojek en na die aanddiens vir die kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 5 Oktober is na die oggenddiens vir die kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Elsabé Joubert
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 9 – Oudl Petro Kruger
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Carien du Plessis
- Katkisasie: Les 22 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokale

**18:00 Aanddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Katkisasie vir die Belydenisklas tydens die aanddiens. Katkisante bly na die diens agter vir ʼn bespreking van die preek en die vrae.

## PROGRAM VIR DIE WEEK 29 SEPTEMBER TOT 5 OKTOBER 2025

**Donderdag 2 Oktober**
10:00 Bybelstudie: Koningskindersgroep
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
**Vrydag 3 Oktober**
Skole Sluit
**Saterdag 4 Oktober tot Dinsdag 7 Oktober**
Reddersburg Kinderhuis Naweekkamp by Mount Nebo

## Diensbeurte Sondag 5 Oktober 2025

Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 10 – Oudl De Wet Blaauw
Diakonale Diensbeurt: Groep 1
Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv skoolvakansie
Geen Katkisasie nie agv skoolvakansie

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**
**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***29 September***
- Sr Corrie v Rooy (082 784 1109) Wyk 41

***30 September***
- Sr Irene v Andel (083 709 3707) Wyk 17

**1 *Oktober***
- Sr Lettie du Plessis (072 737 4477) Wyk 25
- Sr Linda du Toit (060 730 6075) Wyk 14

**2 *Oktober***
- Dr André Grové (083 3060 123) Wyk 32

***3 Oktober***
- Sr Susan Hoffman (082 923 1623) Wyk 17
- Sr Maggie Naudé (083 265 4930) Wyk 40

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***28 September***
- Br Walter Venter (072 601 2188) Wyk 5

***29 September***
- Br Dries Hennop (083 426 8915) Wyk 13
- Sr Lou-Marié Jansen van Vuuren (082 820 5197) Wyk 42
- Br JP van Wyk (082 841 5322) Wyk 3

***30 September***
- Sr Drina Naudé (082 828 0397) Wyk 4

***2 Oktober***
- Br Charles Moss (082 415 1979) Wyk 16

***3 Oktober***
- Sr Hantie Erasmus (082 336 5805) Wyk 11

***4 Oktober***
- Jsr Lisa Koekemoer (082 328 2973) Wyk 34
- Sr Marina Smit (084 220 1007) Wyk 33

***5 Oktober***
- Br Dewann Blaauw (079 509 3599) Wyk 13
- Sr Linda Reedyk (072 2280 833) Wyk 28
- Sr Sonia Venter (082 4114 196) Wyk 33

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***29 September***

- Br Stephen en sr Linda Smit (082 925 0697) Wyk 19 met hul 24ste herdenking

***30 September***

- Br Lubbert en sr Irene van Andel (072 397 7347) Wyk 17 met hul 59ste herdenking

***1 Oktober***

- Br Leon en sr Rika de Kok (083 745 5400) Wyk 5 met hul 31ste herdenking

***5 Oktober***

- Br Cas en sr Joycey van Wyk (072 649 2510) Wyk 11 met hul 57ste herdening

**Lief en leed:**

- Ons innige meelewing met sr Susan van der Walt (082 559 3523) Wyk 39 met die skielike heengaan van br André van der Walt. Mag die HERE haar en die familie in hierdie hartseer tyd vertroos en in die geloof versterk. Die troosdiens sal DV Woensdag, 1 Oktober om 11:00 vanuit ons kerkgebou wees.
- Br Werner van den Berg (072 227 3026) Wyk 4 het Dinsdag ‘n ongeluk met sy motorfiets gehad en moes Woensdag in die Life Flora Hospitaal geopereer word om sy gebreekte sleutelbeen te herstel. Hy verduur ongemak en pyn na die val, maar is verder ongedeerd. Hy is intussen ontslaan en moet homself nou stil gedra. Baie sterkte en seën met die aansterk en heel word.
- Sr Linda du Toit (083 397 6514) Wyk 14 het sodanig verswak dat sy vir behandeling in die Leratong hospitaal opgeneem is. Ons bid haar die sterkte en seën van die HERE toe in haar herstel.
- Baie geluk aan br Heinrich en sr Almarie en jsr Anleah Mokken (076 412 2052) Wyk 1 met die geboorte van hulle seuntjie en boetie, Lihan. Beide seun en ma is al mooi goed aan die gang. Mag hierdie verbondskindjie vir julle tot groot seën en vreugde wees.

**Somerfees:**

- Almal wat betrokke is by die Somerfees vergader Maandagaand om 18:00 in die konsistorie. Die vergadering sal nie lank wees nie, ons wil net graag al die lyne bymekaar kry.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 21 September 2025**

| | |
|---|---|
| R 1152.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 689.20 | Oggend: Deure/ Kerkkas |
| R 360.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 115.00 | Aand: Deure/ Expando |

**SnapScan: 21 September 2025**

| | |
|---|---|
| R 1445.97 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 319.17 | Oggend: Deure/ Kerkkas |
| R 154.76 | Aand: Barmhartigheid |
| R 106.39 | Aand: Deure/ Expando |

## *Beroepenuus*

Beroepe ontvang

- Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Potchefstroom-Die Bult as medeleraar
- Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai (Namibië) na GK Vaalpark

## *Gedagte vir die week*



Maar al moes julle vir 'n kort tydjie ly, sal die God van alle genade, wat julle tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het,
julle herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig. 1 Petrus 5:10

## *PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025*

28 September

Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).

Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

5 Oktober (Dr De Wet verlof)

Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

Geen aanddiens.

12 Oktober

Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

Geen aanddiens.

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**




## *Die dood wink... (4)*

**Verreweg die beste**

**Filippense 1:23**: "*Ek verlang daarna om heen te gaan en* ***(saam) met Christus*** *te wees, want dit is* ***verreweg die beste***." Jou lewe anderkant die graf is "verreweg die beste." Hoekom? Want dan is jy *saam met Christus in die hemel*. "Verreweg die beste" is 'n baie kragtige frase. In die Grieks word dit met drie woorde weergegee. Paulus gee aan die woord "beter" 'n driedubbele krag. Beter as die beste. Só 'n "beter as die beste" kry jy nie in hierdie bedeling nie. Dis ver verhewe bó die beste wat jy hier kry. In hierdie lewe kry jy goed, beter, beste – maar daar is ook 'n "beter as die beste" – en dit kry jy net anderkant die graf in die hemel. Dit is van 'n heel ander dimensie – daarom kán jy dit eintlik nie na waarde beskryf nie. Jy kan nie met die woorde wat jy hier tot jou beskikking het die hemelse heerlikheid verwoord nie. Dis waar ons dierbare gelowiges is wat reeds dood is. Dis waarheen God met jou wat in Jesus Christus glo, op pad is. Dis die *lewe* ná die dood. Die ewige lewe!

Christus het met sy dood en opstanding, ons wat in Hom glo, se dood omgeskakel in heerlikheid. Wanneer jy in Jesus glo, **lewe** jy al het jy ook **gesterwe** – en jy sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Die **Heidelbergse Kategismus 16:42** stel dit voortreflik:

(1) Jou dood is nie 'n betaling vir jou sondes nie,
(2) maar 'n afsterwing van jou sonde,
(3) en 'n **deurgang** na die ewige lewe.

Jou dood is die deur waardeur jy stap van hierdie bedeling af (waar mense sterf) na die ewige lewe toe (waar jy nooit weer sterf nie). Dit is waarom Paulus dit so troosvol kon sê in **Filippense 1:21**: "*Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins*."

Ons as mense is maar sondig, en wil aan die bekende (hierdie lewe) vasklou. Ons wil so lank as moontlik hiér bly. Maar dit moenie so wees nie. Daarom staan daar in **2 Korintiërs 5:8**: "*Ons is vol moed en sou liewer ons **verblyf** in die liggaam wil **verlaat** en by die Here gaan woon*." Die 2020-vertaling gebruik die woord "verhuis" vir "verlaat". Die Griekse woord beteken letterlik "om oorsee te gaan", "om te emigreer". Dit is die dood: Jy trek, jy verhuis, jy verlaat jou tentwoning en gaan woon by die Here in "'n vaste gebou in die hemel" (2 Kor. 5:1).

Hou vas aan wat Jesus in **Johannes 5:24** jou van verseker: "*Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, **het** die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het **reeds** uit die **dood** na die **lewe** oorgegaan.*" Letterlik beteken "oorgaan" "om van plek te verander." Nóú, hiér is jou plek "die plek van die dood", "die plek waar mense doodgaan." As jy hiér sterwe gaan jy oor, verander jy van plek. Dan is jy "in die plek waar jy ewig lewe." Die vorm waarin die werkwoord geskryf is (Perfektum), sê: Jy het eenmaal oorgegaan, en daar bly jy vir ewig. Aan die anderkant van die graf *kán* jy nie en *gáán* jy nie van plek verander nie. Eenmaal dood en saam met Christus, altyd by Christus! Dink maar aan wat Abraham vir die ryk man gesê het: Lasarus kan nie van die hemel af na die hel toe oorgaan met 'n druppel water nie (Luk.16:23-26).

**–** Dr. André Grové

## *Forum – Geskiedenistoer 17 September 2025*

Die Forumlede vertrek om 09:00 vanaf die kerkgebou in 'n gerieflike bus, geborg deur Monnas. Ons toergids is Janet du Plooy. Ons ry verby die St Ursula Klooster wat ook die St Ursula Katolieke skool vir dogters gehuisves het. Daar was ook 'n koshuis en die nonne het die nodige onderwys aan die dogters verskaf. Dit is vandag nie meer 'n klooster nie. Slegs 'n paar afgetrede nonne bly nog op die terrein in 'n spesiale huis van versorging. My skoonsus het in die dogterskoshuis ingewoon en gereeld "geslip". Die skool is vandag 'n dubbel medium skool vir dogters en seuns.



Die afdeling van die gebou wat voorheen die nonne gehuisves het, is omskep in ‘n museum waarin die geskiedenis van St Ursula, die klooster en die skool in die beginjare uitgebeeld word. Ongelukkig is die museum op die boonste vlak van die gebou met trappe wat ‘n uitdaging vir die meeste van ons Forumlede sal wees.

Ons ry ‘n kort entjie deur Krugersdorp-Noord, voorheen bekend as Distriksdorp. Janet verduidelik dat mens die sosiale status van die eerste eienaars so met die verbyry kon waarneem. In die 1890’s was die eienaars grootliks selfonderhoudend. Groente en vrugte is op die erwe verbou en sommiges het selfs ‘n klompie hoenders en varke op die erf aangehou, daarom is die huise voor in die erf, naby die straat gebou. Die oorskot groente en vrugte wat hulle nie slef kon gebruik nie, was op die mark verkoop. Professionele persone en diegene met ‘n hoër inkomste het hulle huise meer na die middel van die erf gebou ten einde in die voortuin blombeddings aan te lê. Hulle was in die vermoë om groente en vrugte op die mark te gaan koop.

Die hoogte van die bus het ‘n pragtige uitsig van die omgewing moontlik gemaak. Ons ry by geskiedkundige huise verby. Die opgeknapte huis met sy toring, Fort Kilmarnock, het in die Anglo-Boere Oorlog tydens die Britse okkupasie van Krugersdorp as hoofkwartier van die Britse besettingsmag gedien. Die uitsig vanaf die huis en die toring oor die dorp is getuie hiervan. Die huis bly ‘n lus vir die oog.




Ons kon ook vanaf die straat via die ingang na die erf die pragtige spierwit dubbel-verdieping huis, De Wetshof, sien. Dit is die eerste dubbelverdieping huis wat in Krugersdorp gebou is. Dit het behoort aan Landdros De Wet, die administrateur van Distriksdorp. Die boonste verdieping het ‘n stoep wat oor die lengte van die gebou strek met ‘n interessante staalreëling. In my verbeelding het ek pragtige dames geklee in vrolike rokke sien rondstaan, elkeen met ‘n sambreel as beskerming teen die son.

Ons ry verby die Van Blommenstein-huis met sy pragtige gewels. Gerrit van Blommenstein was in 1907 die eerste Afrikaanssprekende burgemeester van Krugersdorp.

Ons eerste stop is by die Paardekraal Monument. Dit is waar die geskiedenis van Krugersdorp sy ontstaan het. Toe die Britte onder Lord Shepstone die Transvaal in 1877 geannekseer het, het die boere drie volksvergaderings in protes teen die anneksasie gehou. Die derde volksvergadering was op die plaas Paardekraal van Vaal Martiens Pretorius, oorkant die plaasdam, vandag bekend as die Monumentdam. Die dam was bepalend in die ligging van die vergadering omdat dit water aan die meer as 800 boere se diere kon verskaf. Die plaas Paardekraal was bepalend in die besluit omdat Vaal Martiens met perde geboer het, wat rydiere aan die boere kon voorsien om daarvandaan op kommando na die grens te vertrek om die Britse intog in Transvaal te stuit. Die boere het eensgesind besluit om die Britse anneksasie teen te staan. Ter bevestiging van hul besluit het elkeen ‘n klip op ‘n stapel gegooi. Die Britte is op 27 Februarie 1881 oortuigend tydens die Slag van Amajuba verslaan en die vryheid van die Republiek, nou die Zuid-Afrikaansche Republiek, was deur Brittanje erken.

Op 16 Desember 1881 het die boere ‘n dankfees by die klipstapel gehou ter herdenking aan hul oorwinning by Amajuba, maar ook aan die 1838 Gelofte wat by Bloedrivier afgelê is. Dit het daarna gebuik geword om elke vyfde jaar ‘n volksfees by die klipstapel te hou, wat tans jaarliks as ‘n Geloftefees bekend is. Die ZAR-volksraad het intussen besluit om ‘n monument oor die klipstapel te bou. Die Paardekraal Monument is ontwerp deur Zietske Wierda, die staatsargitek en is in 1891 feestelik deur President Paul Kruger onthul.



In my leeftyd was daar baie saamtrekke gehou onder die wonderlike ruim dak van die feeshuis. Daar was parades van jong soldate. Ek was ‘n soldaat by Monnas. Ons moes ook aan die verrigtinge deelneem. Staan ons dogters ewe preuts daar en wag ons beurt af. Die hoof van die soldate gee ‘n bevel: *Hoofdeksels af!* Wat ‘n skaars onderdrukte gegiggel afgegee het. Daarna het die uitdrukking gereeld sy pad gevind in ons geselskap. Op sekere feesdae het ons voor sonsopkoms by die Monument bymekaar gekom, wagtend vir die son. Dit was sulke tye wat mens die nabyheid van jou Skepper gevoel het. Daar was ook blapse, onder andere toe almal gestaan en wag het vir die vliegtuie se verblyvlug, wat toe nooit gebeur het nie ... hulle het glo verdwaal. Die pragtige replika van die koets van President Paul Kruger wat voorheen in die munisipale gebou gestoor was, word nou onderdak en agter ‘n elektriese sekuriteitsgordyn by die Monument bewaar.

Daar is ook ‘n pragtige standbeeld van ‘n boerekryger, geskep deur Jaco van Niekerk, wat met geboë hoof met sy hoed op sy hart staan. Dit is ‘n baie treffende beeld.

Intussen word goud op die Witwatersrand ontdek, onder andere ook op die plaas Luipaardsvlei. Die gevolg is dat duisende delwers en prospekteerders na die delwerye toe stroom en die behoefte vir ‘n standplaas dorp laat ontstaan. Voordat die dorp geproklameer kon word, het Abner Cohen, ‘n Jood sy hostelry aan die voet van die klipstapel opgerig. Dit het nie byval gevind by die Afrikaanssprekende boere nie en hulle het vir Abner van die terrein af verjaag. Abner het nie op hom laat wag nie. Hy stap in protes na Pretoria om sy lot by Pres Paul Kruger te gaan bekla. Die gevolg was dat die president aan hom die eerste standplaas in die te stigte Krugersdorp belowe het. Die eerste erf wat uitgemeet en toegeken was, was die Goewerments-erf waar die Ou Landdroskantoor en Mynkommissaris se kantoor regoorkant die markplein (munisipale kantore) staan. Op die hoek van Kruger- en Commissionerstraat is ‘n gedeelte van die goewermentserf aan Abner Cohen vir sy hostelry toegeken. Die oorspronklike gebou is later vervang met die gebou wat tans daar staan, die Majestic Hotel. Op die buitemuur van die hotel is ʼn gedenkplaat wat aandui dat die standplaas aan Abner Cohen behoort het.

Die Krugersdorp Standplaasdorp (Krugersdorp Middedorp) is in 1887 geproklameer met Landdros Human as die dorp se administrateur en Gerrit Ockerse as die mynkommissaris. Janet vertel aan ons die geskiedenis van die beginjare en dat die behoefte aan ‘n distriksdorp spoedig ontstaan het, want slegs mynbou- en delwery-sake is in die Standplaasdorp hanteer. Vir enige ander sake moes die mense na Pretoria, Potchefstroom, Heidelberg of Rustenburg gaan. Die Krugersdorp Distriksdorp is in 1893 geproklameer oorkant die dorpspruit. Die Distriksdorp is vandag bekend as Krugersdorp-Noord. Die twee dorpe het onafhanklik van mekaar gefunksioneer, elkeen met sy eie landdros as administrateur. As gevolg van die Runderpes in 1897 het baie van die plaasboere na die delwerye gestroom om ‘n heenkome daar te vind. Die gevolg was dat ‘n derde dorp, Burgershoop, gestig is met erwe vir steenmakers.

Vanaf die monument ry ons na die blokhuis in Sarel Oosthuisen straat, Fort Harleigh. Hier gee Janet vir ons meer inligting oor Krugersdorp tydens die Anglo-Boere Oorlog. Daarvandaan ry ons na die Dr Yusuf Dadoo Hospitaal, vir baie ou inwoners steeds die Paardekraal Hospitaal. Vanaf die hospitaal het ons ‘n uitsig oor die terrein van die Krugersdorp Konsentrasiekamp wat op ‘n stadium meer as 6000 vroue, kinders en bejaardes gehuisves het. ‘n Gedeelte van die konsentrasiekamp-terrein is in 1903 geproklameer as Coronation Park ter herdenking aan die kroning van Eduard VI as koning van Brittanje. Die glorie van die park se vervloë dae is nie meer sigbaar nie. Die park is jammerlik

verwaarloos en bitter min is te sien van die pragtige tuine, rose en die doolhof wat soveel plesier aan die dorp se inwoners verskaf het.

Vanaf die hospitaal ry ons met Ockersestraat verby die eerste Afrikaanse skoolgebou, wat vandag Life Line huisves. Hoërskool Monument kan sy wortels by hierdie skoolgebou vind. Die skool is tydens die Anglo-Boere Oorlog deur Grundlingh, 'n plaaslike handelaar in sy hout en sink stoor opgerig. Die meer permanente geboue het later die distrikskantore van die departement van onderwys gehuisves. Ons ry verby die Union Club wat in 1910 deur Abe Bailey, die parlementêre verteenwoordiger van Krugersdorp gestig is ter herdenking van Uniewording in 1910. Dan verby die Losie van die Royal George Vrymesselaars, wat vir baie jare diens as gemeenskapsaal in Krugersdorp gedoen het. Die Afrikaanse skool het later ook van die saal gebruik gemaak toe hulle skoolgebou te klein geword het. Die Afrikaanse Skool is later na Ottoplein verskuif waar dit sy ontstaan het as die Hoërskool Monument.

Ons draai in Markstraat na Commissionerstraat waar Janet vir ons die stories rondom die drinkfontein, Strijdomboog, Dadoo winkel en Die Herberg vertel. Voor die stadsaal, wat in 1907 deur Jan Smuts, die Koloniale Sekretaris geopen is, hoor ons verder van die geskiedenis van die dorp en die besoek van die Britse Koninggesin in 1950. Voor die munisipale gebou is die standbeeld van Kgosie Mogale na wie die eerste blanke setlaars in die omgewing die Magaliesberge vernoem het.

Terug in Ockersestraat stop ons voor die Krugersdorp Klub vir verversings en middagete. Die Klub is in 1897 deur drs. Wouter van der Merwe en Percy Stewart gestig as 'n *gentlemen's club*. Dr van der Merwe het oorkant die klub gewoon. Die stam van die groot Jakaranda boom wat in sy erf gestaan het, kan vandag nog gesien word. President Paul Kruger, 'n huisvriend van dr van der Merwe het gereeld onder die boom met sy *spider* gestaan waar hy met die dorpsmense gesprek gevoer het, probleme aangehoor het en raad gegee het.

Dr Van der Merwe het graag 'n *sundowner* by die Klub gaan drink. Tydens die Anglo-Boere Oorlog het hy inligting by die Britse Offisiere wat ook die Klub besoek het ingewin, wat hy dan saam met ander vooraanstaande inwoners van die dorp op vindingryke wyse na die kommando's gestuur het.

Ons geniet heerlike slaai en hoender-a-la-king. Die bierdrinkers het hulle biertjie geniet en die res heerlike koue koeldranke. Die kuier was heerlik en ontspanne, 'n lieflike plek om saam te kom. Vir diegene wat nie weet nie, die Klub was menige man se laaste stop vir die dag. Hoe hulle tuis gekom het, sou hulle jou nou nie kon vertel nie!

Ons laaste stop is ons eie kerkgebou. Janet nooi ons om saam met haar in te stap waar sy die filosofie van die ontwerp van die argitek, Johan de Ridder, verduidelik. Die Israeliete het die Here in die Tent van Samekoms ontmoet, dit het die driehoek-vorm van die kerk, simbolies van 'n tent geïnspireer. 'n Tent

met groot oop vensters teenoor die preekstoel vanwaar God se Woord verkondig word na buite. God is Lig. Ons wat die Woord van God elke Sondag hoor is die Ligdraers wat die boodskap verder na buite uitdra.

Baie dankie Janet vir die uitstappie en die interessante geskiedenis. Jou reëlings, moeite en voorbereiding was uitstekend. Ons almal het dit baie geniet en lekker geëet! Ons gaan in die toekoms weer by "jou" Klub kuier!

Baie dankie aan die vriendelike mense by die "watergat". Ek dink hulle het nie mooi geweet wat om te verwag nie --- hulle het gesorg dat die toonbank tussen hulle en die Forumlede bly!

Vriende, dit was 'n lekker kuier! Tot wederom,

- Martha Wynn & Janet du Plooy

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).